

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 7 No 2 April 2013
Personeelblad van die NWU

Dekaan se wêreld
sluit syfers én
mense in

GROEN is die wagwoord

Voldoen jy aan die
verbruikerswet?

INHOUDSOPGAWE

- 2 Skep toepaslike webinhoud
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish!, ons is deel van die geheel
- 4 Facebook: staar die gevolge in die gesig
- 5 Voldoen jy aan die Wet op Verbruikersbeskerming?
- 6 Pendeldiens pak parkeerprobleem
- 7 Geteisterdes kan nou berading kry
Advokaat waak oor menseregte
- 8 Gaan groen of gaan huis toe
- 10 'n Hart vir mense en 'n kop vir syfers lei haar
- 12 Fokus op ... Beleide
- 13 Kampusnuus: Mafikeng
- 14 Kampusnuus: Potchefstroom
- 15 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 16 NWU-kundiges ken hul storie
- 17 En die wenners is ...
- 18 Mense wat myle stap
- 19 Knip langdradigheid kort en WEN R5 000



Voorblad: Prof Susan Visser is aan die einde van 2012 as dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus aangestel. Lees meer oor prof Susan, haar fakulteit en haar liefde vir reis op p10 en 11.

Skep toepaslike webinhoud

Wat die inhoud van die webwerwe van die 23 hoërondewysinstellings in Suid-Afrika betref, het die NWU-webwerf die afgelope ses maande van sestiendebeste na tiendebeste opgeskuif. Die NWU webwerf lê nou ook sestiende van die 853 hoërondewysinstellings in Afrika.

Dit is volgens Webometrics, 'n inisiatief van die Spaanse navorsingsinstelling bekend as CSIC, wat die kwaliteit van die webinhoud van hoërondewysinstellings wêreldwyd meet. Hierdie rangorde word oor die algemeen beskou as 'n redelik akkurate barometer vir die akademiese status van universiteite.

"Almal wat inhoud tot die NWU-webwerf bydra moet dus nougeset aandag gee aan die kwaliteit van die inligting wat hulle publiseer," sê mnr Cobus Steenkamp, bestuurder van die Institusionele Webkantoor.

In die NWU-konteks beteken dit dat inligting vir die web toepaslik, korrek, tydig en taalversorgd moet wees, en dat dit volgens die universiteit se Taalbeleid in Engels, Afrikaans of Setswana vertaal word. Volgens die riglyne vir die redaksionele proses bepaal verskeie faktore, onder meer die aard van die inhoud en die teikengroep vir wie dit bedoel is, in watter tale dit vertaal word.

Webinhoud moet ook verbruikersvriendelik aangebied word – hier kom meer tegniese aspekte ter sprake. Publiseerders moet inligting byvoorbeeld so aanbied dat internetsoekenjins soekwoorde wat die gebruiker intik, maklik kan vind.

"Inligting kan dus nie net lukraak op die NWU-webwerf gepubliseer word nie – daar is bepaalde riglyne wat gevolg moet word," sê Cobus.

Een van die oogmerke van die Institusionele Webkantoor is om in 2013 daarop te fokus om kampusse by te staan om te verseker dat hul webinhoud verbruikersvriendelik en van hoë gehalte is. Dit gaan hulle doen deur onder meer die webpubliseerders op die verskillende kampusse verder op te lei in veral redaksionele vaardighede.

Redaksionele span: Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die *Eish!* in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.



Beste kollegas

Hier sit ons al met 2013 se tweede uitgawe van Eish! in ons hand.

Ons kan nou reeds terugkyk op die suksesvolle afskop van die jaar se akademiese bedrywighede en is dankbaar vir die stabiliteit waarmee die jaar op al drie die kampusse begin het.

'n Kykie na die 2013-registrasies wys dat ons binnekort die teiken van 34 710 voltydse studente behoort te haal. Tog is dit interessant dat sommige fakulteite hulle teikens reeds met meer as 25% oorskry het, terwyl ander nog net

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

60% van hul inskrywingsteikens gehaal het. Hoewel ander dinge ook hieruit afgelei kan word, is dit duidelik dat hierdie stand van sake wys dat die inskrywingsbeplanningsproses baie fyn bestuur moet word – iets waaraan die Institutionele Bestuur noukeurige aandag gee.

Van groot belang is die uitgekonnekteerde bibliometriele analise van die stand van NWU-navorsing, gedoen deur Johann Mouton van die Universiteit van Stellenbosch en navorsingsgenote van die Universiteit van Leiden in Nederland, oor die tydperk 2008 tot 2011. Die uitkomst en aanbevelings hieruit is noodsaaklik vir die verdere beplanning en posisionering van die NWU as gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsinstelling.

Baie dankie aan prof Frikkie van Niekerk en sy span vir hul inisiatief met hierdie belangrike werk.

Intussen het julle waarskynlik agtergekom dat die NWU-webomgewing voor ons oë begin verander. Baie dankie solank aan die webontwikkelingspan en al hulle medewerkers op al die fronte. Baie sterkte ook vir die groot werk wat nog in hierdie verband gedoen moet word.

Terwyl daar dwarsoor die NWU dankbaarheid is dat dit goed gaan met die kernbesigheid, is dit belangrik om op te merk dat die algemene ontwikkeling op die nasionale hoëronderswysfront deur meningsvormers in die sektor as kommerwekkend ervaar word. Ander visekanseliers tel ook, soos ek, 'n tendens van oorregulering en oorbetrokkenheid by huishoudelike aangeleenthede van die Ministerie se kant op. Ons is ook, soos ander universiteite, besorg dat die nuutste wysigings aan die Wet op Hoër Onderwys ingrypende magte aan die Minister verleen. Uit die voorgaande kan ons aflei dat hoër onderwys baie uitdagings bied!

Baie sterkte vir alles wat elkeen van ons moet doen om die Noordwes-Universiteit te transformeer sodat ons dit van dag tot dag 'n beter plek kan maak om by te werk.

Dankie aan almal wat ernstig is om beter prosesse in plek te kry sodat burokrasie en onnodige papierwerk minder gemaak word.

Dankie vir die passie wat ek by so baie van julle sien vir julle studente en julle navorsing.

Groete

Heuns Cloff

Eish!, ons is deel van die geheel

Geen mens is 'n eiland nie, het die Engelse digter, John Donne geskryf.

Dit is baie waar: ons is aan mekaar en aan ons omgewing verbind as deel van 'n groter geheel. Hierdie noue verbintenis is ook van toepassing op die NWU. Die drie kampusse en die Institutionele Kantoor is saam deel van die groter NWU-geheel. Ons is afhanklik van mekaar, beïnvloed mekaar deur ons optrede en het sekere verantwoordelikhede teenoor mekaar. Kyk 'n mens na die groter prentjie, geld dieselfde vir die NWU as geheel – die instelling het verbintenisse met en verantwoordelikhede teenoor sy belanghebbendes, wat mense én die omgewing insluit.

Een van hierdie verantwoordelikhede is om deur ons optrede 'n veilige, volhoubare voortbestaan vir toekomstige geslagte en vir hul blyplek, die aarde, te verseker. Lees gerus op p 7 en 8 hoe die NWU maatreëls instel en inisiatiewe onderneem om sy koolstofvoetspoor te

verklein en 'n omgewingsvriendelike ingesteldheid by studente en personeel aan te moedig.

Die groenwees-inisiatiewe strek ook so ver as die NWU se gemeenskapsprojekte – mense word byvoorbeeld geleer om uit herwinde materiaal produkte te vervaardig en te verkoop. Daardeur skep hulle nie net 'n volhoubare bestaan vir hulself nie, maar dra hulle ook by tot die aarde se volhoubaarheid.

Op p 14 lees ons dat die Studentejool-gemeenskapsdiens op die Potchefstroomkampus ook die idee van volhoubaarheid toepas deur die bemagtiging van gemeenskappe as 'n grondbeginsel te aanvaar. Hulle maak ook seker dat die projekte wat hulle nou aanpak volhoubaar is sodat dit nog vir baie jare kan aangaan nadat hulle die universiteit verlaat het.

Ook die Eish! wil bydra tot 'n groener NWU. Ons sal binnekort e-posse aan al ons lesers

uitstuur waarin ons sal vra wie die Eish! steeds in gedrukte formaat wil ontvang en wie dit eerder elektronies wil ontvang. Neem asseblief deel aan dié opname – dit kan daartoe lei dat ons moontlik die Eish! se koolstofvoetspoor kan verklein.

Mag ons almal se strewende 'n groener NWU veel meer as 'n kortstondige opgewondenheid wees – mag dit 'n volhoubare leefwyse word.

Lekker lees,

Marelize & Nelia



Facebook: staar die gevolge in die gesig

Jy kan jou rieme styfloop as jy opmerkings of foto's op Twitter, Facebook of enige ander sosiale netwerk publiseer wat neerkom op laster of haatspraak.

Dit blyk duidelik nadat 'n regter in die Suid-Gautengse hooggeregshof onlangs uitspraak gelewer het dat 'n vrou wat lasterlike opmerkings teenoor 'n man gemaak het op Facebook, dit moet verwyder en die man se regsonkoste moet betaal.

Hoewel sosialenetwerkgebruikers in lande soos Amerika skynbaar reeds lankal hofbevele teen lasteraars kon kry, was dit tot nou toe nie die geval in Suid-Afrika nie.

Die onlangse hofuitspraak het sake egter verander – Suid-Afrikaanse sosialenetwerkgebruikers sal voortaan twee keer moet dink voordat hulle ondeurdagte opmerkings maak.

IN WARM WATER BELAND

Volgens 'n artikel wat in Februarie in die tydskrif *Huisgenoot* verskyn het, is dit veral opmerkings (wat neerkom op laster of haatspraak) wat aan groot groepe "volgelingen" of "Facebook-vriende" gestuur word, wat jou in die warm water kan laat beland.

Daarby kan jy ook probleme kry as jy selfs net van ander se lasterlike opmerkings hou (dit "like") of die aandag daarop vestig. En verontagsaam jy 'n hofbevel om gewraakte opmerkings te verwyder, kan jy moontlik tot 30 dae agter tralies deurbring.

In 'n berig wat in Februarie in die dagblad, *Beeld* verskyn het, begin skole ook al hoe meer optree teen leerders wat hul skole se name deur die modder sleep of hulle skuldig maak aan afknouery en ander oortredings op sosiale netwerke.

OP EIE (WEB)WERF

Mnr Werner Coetzee, senior regsadviseur van Institusionele Regsdienste bevestig ook dat NWU-studente en -personeel moet ligloop wanneer dit by sosiale netwerke kom. As hulle hul skuldig maak aan laster of haatspraak, kan hulle op verskillende maniere vervolgt word. Die persoon

of instansie wat meen dat hulle te na gekom is, kan byvoorbeeld 'n siviele eis teen hulle instel en skadevergoeding van hulle eis, of selfs 'n klag van crimen injuria teen hulle by die polisie lê.

Die NWU kan ook teen hulle optree, ongeag of hulle die opmerkings op hul eie of op die NWU se sosialenetwerkbladsye gemaak het. Dit maak ook nie saak of hulle dit in hul persoonlike hoedanigheid of in die uitvoering van hul pligte in diens van die NWU gemaak het nie.

Volgens die mediabeleid van die NWU wil die universiteit nie studente of personeel se reg belemmer om vrylik menings te uiter in hul hoedanigheid as individuele lede van die samelewing nie. Stellings wat in hierdie konteks gemaak word moet egter nie die NWU se naam of die personeel se postitel insluit nie en moenie die NWU in diskrediet bring nie.

Indien studente of personeellede skuldig bevind sou word ná afloop van 'n dissiplinêre verhoor, kan hulle swaar strawwe opgelê word. Dié strawwe – soos uiteengesit in die universiteit se dissiplinêre kode – kan tydelike of permanente skorsing uit die universiteit of koshuis of die oplê van boetes insluit.

WIE IS AANSPREEKLIK?

Volgens Werner kan die universiteit nie aanspreeklik gehou word vir lasterlike opmerkings wat 'n NWU-student of personeelid in hul persoonlike hoedanigheid teenoor 'n ander persoon of instansie op hul eie of op die NWU se sosialenetwerkbladsye maak nie. Dis egter 'n ander storie as die student of personeelid die opmerkings in die uitvoer van sy of haar pligte in diens van die universiteit maak – dan kan die student of personeelid én die universiteit aanspreeklik gehou word.

Die universiteit het egter in alle gevalle 'n morele plig om opmerkings of kommentaar wat lasterlik is of op haatspraak neerkom van die universiteit se Facebook-bladsye te verwyder.



'n Kundige gee raad

Eish! het mnr Ewoudt Cloete, 'n alumnus en nagraadse student van die Potchefstroom-kampus en sosialemediabestuurder van die digitale agentskap, Cyberkinetics, gevra vir sy mening oor die doen en late van werknemers op die sosiale netwerke.

"Dit is belangrik dat werknemers bewus is van die feit dat hul aksies op sosiale netwerke 'n groot invloed op die beeld van hul organisasie kan hê," sê Ewoudt.

Hy raai mense aan om seker te maak dat hulle vertrouwd is met die privaatheidsverstellings van hul rekening op al die sosialemediaplatforms waarop hulle geregistreer is.

"As daar iets is wat jy persoonlik wil hou, moet jy jou rekening verstel sodat die inligting net aan 'n baie spesifieke groep persone versend word. Dit beskerm jou en die beeld van jou organisasie," sê hy.

Voldoen jy aan die Wet op Verbruikersbeskerming?

Kragtens die Wet op Verbruikersbeskerming het verbruikers nege regte. Dit is die reg op:

- Gelykheid in die verbruikersmark en beskerming teen diskriminerende bemarkingspraktyke
- Privaatheid
- Keuse
- Openbaarmaking van inligting
- Regverdige en verantwoordelike bemarking
- Regverdige en eerlike handelshantering
- Regverdige, redelike en billike terme en voorwaardes
- Billike waarde, goeie kwaliteit en veiligheid
- Aanspreeklikheid van diensverskaffers



Teenwoordig by die werkswinkel oor die Wet op Verbruikersbeskerming is adv Matshepe Molemane (links) en me Kristina Travis van die Mafikengkampus.

As die NWU en sy personeel ten volle aan die Wet op Verbruikersbeskerming wil voldoen, sal 'n paar aspekte in die hantering van hul verbruikers – die studente – moet verander.

Dit het na vore gekom tydens 'n werkswinkel wat me Carol White, 'n regsgeleerde en aanbieder vir Telos Corporate Education tussen 11 en 15 Februarie 2013 aan vyf verskillende groepe NWU-personeellede aangebied het.

Die werkswinkel is gehou op aanbeveling van die NWU se Institusionele Bestuur wat ná 'n regsmening deur Institusionele Regsdienste versoek het dat personeel opgelei word sodat die instelling as diensverskaffer aan die Wet op Verbruikersbeskerming (nr 68 van 2008) voldoen.

Van die mense wat die werkswinkel bygewoon het, is personeel wat te doen het met onder meer akademiese administrasie, bemarking en kommunikasie, onderrig-leer, finansies, en kwaliteit. Die groepe het ook hoëvlak-administratiewe personeel soos kampusregistrateurs of hul verteenwoordigers ingesluit.

POSITIEWE REAKSIE

Volgens me Amanda van der Merwe, bestuurder van Rekordbestuur en Administrasie, die

afdeling wat die werkswinkel gereël het, het hulle baie goeie reaksie gekry.

“Die meeste mense het gesê hulle kon aanvanklik nie insien hoekom hulle genooi is nie, maar ná die sessie het hulle alles beter verstaan – veral die risiko wat daar vir die universiteit bestaan as ons nie aan die wet voldoen nie,” sê sy.

NEEM STUDENTE SE REGTE IN AG

Wat duidelik geblyk het uit die werkswinkel, is dat studente bepaalde regte het wat die universiteit as diensverskaffer in ag moet neem. In die lig hiervan moet die NWU opnuut kyk na sy dokumente, prosedures en werkswyses. Die universiteit moet byvoorbeeld seker maak dat alle

dokumente wat neerkom op kontrakte tussen die universiteit en die studente duidelik en konsekwent is, met alle terme en voorwaardes ten volle daarin openbaar gemaak. Daar mag ook nie in enige dokumente – byvoorbeeld bemarkingsmateriaal – enige onduidelikhede wees wat verwagtinge by die studente kan skep waaraan die universiteit nie kan voldoen nie.

Van die ander NWU-dokumente wat ter sprake was tydens die werkswinkel, is onder meer toelatingsdokumente, voorlopige en finale aanvaardingsbriewe wat aan studente gestuur word, registrasievorms, ooreenkomste wat oor akkommodasie en betalings gaan en jaarboeke wat inligting oor die verskillende kursusse bevat.

'n Waardevolle werkswinkel

Daar was heelwat positiewe kommentaar op die werkswinkel, onder meer die volgende:

Me Johanna Müller, kwaliteitsbestuurder, Insitusionele Kwaliteitskantoor: “Die werkswinkel was regtig baie insiggewend en ek sal dit beslis met al die ondersteuningsdepartemente kan opvolg – veral om te sorg dat hulle nie onwetend in slagysters trap nie

en dat hul dokumentasie en inligting aan hul kliënte op datum is.”

Mnr Koos Degenaar, direkteur, Bemarking en Kommunikasie, Mafikengkampus: “Ek dink dit was 'n goeie oefening en het ons laat dink oor waarmee ons besig is en dinge waarna ons sal moet kyk in die toekoms. Die aanbieder was ook baie goed en ken die vakgebied.”



Pukki, die "mascot" op die Potchefstroomkampus, is baie in sy noppies met die nuwe pendeldiens.

Vir meer inligting oor die Potchefstroomkampus se pendeldiens, kontak mnr Jean-Marc Stidworthy by x99 2387. Kommentaar is ook welkom – stuur dit na pukki-pendel@nwu.ac.za.

kampus te verminder en die koolstofvoetspoor van die kampus te verklein – is 'n innoverende pendeldiens op die kampus begin. Dié gratis diens is klaarblyklik 'n reusesukses. Sedert dit op 6 Februarie 2013 vir 'n toetsperiode van drie maande geloods is, het die bussies al sowat 10 000 passasiers vervoer.

Volgens die voorsitter van die studenteraad, mnr Janco Jordaan, kry hulle baie positiewe terugvoer van die studente. "Ons wil almal aanmoedig om dit te gebruik, studente én personeel," sê Janco. Dit geld ook vir besoekende personelede van die Institusionele Kantoor en van die ander kampusse af.

LAAT DIE WIELE ROL

'n Vloot bussies ry deurentyd 'n sirkelroete in intervalle van ongeveer 10 minute. Midway, die maatskappy wat in die verlede tydens gradeplegtighede met groot sukses vervoer vir graduandi en hul ouers behartig het, hanteer die pendeldiens.

Omdat die pendeldiens onder meer by die Gerrit Dekker-hek stop (aan Natuurwetenskappe se kant van die kampus), kan studente by die nabygeleë Astrovilla stilhou en van daar af met die bussie ry tot by hul bestemmings op die sentrale kampus. Op dié manier word alternatiewe parkering soos hierdie ook beter benut.

PENDELDIENS pak parkeerprobleem


Die Potchefstroomkampus is die plek waar jy graad kry voor jy parkeerplek kry – so het studente onlangs in dié kampus se studente-koerant, *Die Wapad* geskryf.

Sommige van die personelede op die Potchefstroomkampus moet soms bontstaan om hul toegewysde parkeerplekke teen desperate studente te beskerm. Dit is seker te verstane as 'n mens in ag neem dat baie van die ongeveer 3 000 personelede en 18 000 kontakstu-

dente daagliks meeding om parkering. Wat die probleem verder vererger, is dat talle van die koshuisinwoners met hul motors kampus toe ry. Sowat 38% van die motorverbruikers op die Weskampus parkeer byvoorbeeld daagliks op die sentrale kampus en neem elke dag meer as 600 parkeerplekke op.

DUISENDE PENDEL NOU

Om die parkeerprobleem aan te spreek – en terselfdertyd die beweging van voertuie op die



NWU-personeel is welkom om die pendeldiens op die Potchefstroomkampus te gebruik. Hier word die roetes en op- en aflaaipte aangedui.

Geteisterdes kan nou berading kry

Die NWU het vir die eerste keer 'n onafhanklike ombudspersoon vir seksuele en ander teistering by die universiteitsomgewing aangewys.

Me Lizelda Goslin is 'n kliniese sielkundige wat voortaan berading sal gee aan NWU-personeellede wat meen dat hulle geteister word.



Me Lizelda Goslin van Klerksdorp is voortaan beskikbaar vir sielkundige beradingsessies met NWU-personeel en -studente wat meen dat hulle op een of ander manier by die NWU geteister word.

Dit sluit onder meer seksuele teistering, viktisasie en intimidasie in, of wanneer hulle hul in 'n voortdurend vyandelike omgewing bevind. Lizelda sal ook berading gee aan studente en personeel wat die slagoffers van seksuele aanranding is.

Personeel of studente wat hulself aan die ánder kant bevind – as aangeklaagdes in 'n saak van beweerde teistering – sal haar ook kan kontak vir berading.

SENSITIEWE SAKE

“Die sensitiwiteit van sulke sake en die feit dat mense meer bereidwillig is om met 'n onafhanklike persoon oor so iets te praat, het die NWU laat besluit om 'n ombudspersoon aan te stel,” sê me Michelle Bouwnes van Werknemer-verhoudinge in die Institusionele Kantoor.

“Ons het bevind dat personeel nie altyd 'n saak aanhangig wil maak nie – hulle het dikwels net iemand nodig om mee te praat,” sê Michelle.

Personeel kan vir Lizelda direk via e-pos kontak om 'n afspraak met haar te maak. 'n Spesiale e-posadres, ombud.harassment@gmail.com is hiervoor geskep.

Lizelda sal personeel van die Potchefstroom-kampus en die Institusionele Kantoor in die C1-gebou spreek en sal personeel van die Mafikeng- of Vaaldriehoek-kampus op hul eie kampusse gaan besoek.

Behalwe hierdie aangesig-tot-aangesig-sessies, sal sy personeel ook per e-pos of telefonies konsulteer.

WEES GERUS

“Lizelda gaan nie regsadvies gee nie, net berading. Sy sal wel aanbevelings aan ons kantoor doen indien nodig. Personeel kan egter gerus wees dat sy alle sake as vertroulik sal hanteer. Sy sal byvoorbeeld nie sonder die toestemming van die personeelid feite aan ons kantoor openbaar nie,” sê Michelle.

Studente en personeel sal nie vir beradingsessies hoef te betaal nie – die NWU sal Lizelda op ad hoc-basis betaal vir die werk wat sy vir die universiteit doen. Sy word egter nie in diens geneem deur die universiteit nie en is dus heeltemal onafhanklik.

Advokaat waak oor **menseregte**

Adv Rehana Rawat, 'n advokaat van die Hoër Hof en kundige op die gebied van onder meer menseregte, arbeidsreg en arbitrasie, is die nuwe voorsitter van die NWU se Menseregtekomitee.

Adv Rehana het reeds 38 jaar se ondervinding as regsgeleerde op haar kerfstok. Sedert sy haar voorgraadse regstudies aan die voormalige Universiteit van Durban-Westville en haar LLB-graad aan Wits voltooi het, was sy onder meer betrokke by die Industriële Hof en die Kommissie vir Rekonsiliasie, Mediasie en Arbitrasie en het sy as regsadviseur vir verskeie maatskappye opgetree.

Op aanbeveling van adv Rehana, wat 'n kampvegter vir mense met gestremdhede is,

sal die NWU in 2013 op die regte van hierdie mense fokus.

Adv Rehana is vir 'n termyn van een jaar aangestel. Sy volg adv Solly Sithole op as voorsitter van die NWU se Menseregtekomitee nadat sy ampstermyn verstryk het.

Adv Rehana sê haar aanstelling is vir haar 'n groot eer, veral omdat die NWU sover bekend die eerste en enigste universiteit in Suid-Afrika is wat so 'n menseregtekomitee het.

“Dit bied 'n waardevolle leierskapsrol in die akademiese wêreld – nie net wat ander universiteite betref nie, maar ook alle ander belanghebbendes op die terrein van onderwys,” sê sy.



Adv Rehana Rawat sê die waarde van die NWU se Menseregtekomitee moet gesien word teen die agtergrond van al die nasionale en internasionale dokumente, konvensies en beleide oor menseregte.

Gaan **GROEN** of gaan huis

Groen is meer as net 'n kleur by die NWU – dit dui deesdae op 'n omgewingsvriendelike ingesteldheid en 'n strewe om die universiteit se koolstofvoetspoor te verklein.

Om hierdie ideale te bereik, onderneem die NWU verskeie inisiatiewe op institusionele en kampusvlak.

Op institusionele vlak het die universiteit byvoorbeeld verlede jaar die Potchefstroomkampus se Sentrum vir Omgewingsbestuur gevra om vas te stel tot watter mate die NWU aan toepaslike omgewingswetgewing voldoen.

Die sentrum het 'n omvattende oudit op elke kampus en by die Institusionele Kantoor gedoen en die resultate daarvan in afsonderlike verslae vir elke besigheidseenheid vevat. Hulle het ook 'n lys van hoëvlakrisiko's en 'n aksieplan vir die NWU saamgestel. (Meer besonderhede hieroor sal in 'n volgende uitgawe van Eish! gepubliseer word.)

Naas die inisiatiewe op institusionele vlak, het al drie kampusse ook reeds verskeie projekte geloods om groen te word. In sommige gevalle word 'n spesifieke soort projek op al drie kampusse geloods, en in ander gevalle het kampusse hul eie projekte.

KOSHUISE DING MEE

Een van die projekte wat in mindere of meerdere

mate op al drie kampusse aandag kry, is kompetisies tussen koshuise om die inwoners aan te moedig om krag te bespaar.

Sedert die Potchefstroomkampus verlede jaar so 'n kompetisie geloods het, het dit tot 'n indrukwekkende besparing van byna R1 miljoen op dié kampus gelei.

Volgens mnr Koos Degenaar, direkteur van Bemaking en Kommunikasie op die Mafikengkampus, gaan hulle 'n soortgelyke kompetisie in Mei op hulle kampus loods.

'n Kompetisie tussen die koshuise van die Vaaldriehoekskampus word ook in die vooruitsig gestel, sê prof Johann Tempelhoff, voorsitter van die Groenkomitee op daardie kampus. Hy glo die aanvoerwerk hiervoor is reeds gedoen toe die groep bekend as 49M onlangs die kampus besoek het.

Die 49M-span, wat ook al die Mafikeng- en Potchefstroomkampus besoek het, se doelwit is om Suid-Afrikaners te inspireer om krag te bespaar. Tydens hul besoeke aan kampusse moedig hulle studente aan om 10% van hul huidige kragverbruik te spaar.

Die 49M-projek is 'n Eskom-inisiatief en word deur handel en nywerheid en die regering ondersteun.

In lyn met die 49M-projek is daar reeds maatreëls dwarsoor die NWU ingestel om krag te bespaar. Hierdie maatreëls wissel van die gebruik van sonkraggeisers tot die instel van energiebeheertoestelle, byvoorbeeld dié waarmee lugversorgers outomaties afgeskakel kan word as noodkrag gebruik word.

STUDENTE WERK SAAM

Volgens prof Johann is die studente op die Vaaldriehoekskampus baie opgewonde oor die groen projekte op die kampus en kry die Groenkomitee baie ondersteuning van die studenteraad.

“Die Mafikengkampus se studenteraad het ook reeds onderneem om saam met my te werk aan die groen projekte wat ons vanjaar gaan loods,” sê Koos.

Mnr Janco Jordaan, voorsitter van die studenteraad op die Potchefstroomkampus sê hulle werk nou saam met mnr Jean-Marc Stidworthy van Bemaking en Kommunikasie aan die groenkampusprojek. Die gedeelte van die projek waarby studente direk betrokke is, word vanuit die studenteraadsporfeulje Aktuele Sake gedryf.

As deel van die groenkampusprojek het die studenteraad 'n bewusmakingsweek tussen 19 en 22 Februarie 2013 geloods. As een van die talle aktiwiteite tydens dié week het hulle 70 bome op die kampus geplant.



Studente van die Vaaldriehoekskampus beloop om die 49M-span se kragbesparingsinisiatief te ondersteun.

Komaan, gebruik dit meer-

MEER AS 50 PROJEKTE

Volgens Jean-Marc, wat die projekbestuurder van die Potchefstroomkampus se groenkampus-inisiatief is, is daar nou meer as 50 groen projekte op dié kampus.

Dié projekte fokus op onder meer afvalbestuur en energiebesparing en sluit onder meer 'n fietsryprojek en 'n pendeldiens op kampus in. Selfs die eetplekke op die kampus heroorweeg die toedraai van kosprodukte sodat polistireen uiteindelik uitgefaseer kan word.

Ook talle van die kampus se gemeenskapsprojekte bevat 'n groen element, byvoorbeeld die projek waar mobiele sonpanele voorsien word aan leerders wat nie elektrisiteit by die huis het nie. 'n Ander voorbeeld is die "ruilwinkelprojek" waar leerders by skole in die gemeenskap aangemoedig word om hul herwinbare produkte in te ruil vir skryfbehoeftes, speelgoed en ander items.

Nog 'n gemeenskapsprojek wat op die idee van groenwees geskoei is, is die FLAGH-projek waar vroue geleer word om verskillende items van herwinde materiaal, onder meer glas, te maak en te verkoop.

PAPIERLOSE OMGEWINGS

Nog 'n stap in die rigting van groener kampusse, is papierlose vergaderings. "Die uitvoerende bestuur van die Mafikengkampus het onlangs hul

lets wat op al drie kampusse aandag geniet, is herwinning.

Daar is reeds talle herwinningstasies op die Potchefstroomkampus en dit sal ook later vanjaar op die Mafikengkampus opgerig word.

In die Institusionele Kantoor word voorsiening gemaak vir die herwinning van papier, glas en plastiek en op die Vaaldriehoekkampus spog die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie reeds met 'n eie herwinningstasie.

Nog 'n voorbeeld van 'n omgewingsvriendelike ingesteldheid op die Vaaldriehoekkampus is die feit dat 'n student onlangs 'n

eerste papierlose vergadering gehad en dit het baie goed gegaan," sê Koos. Volgens Jean-Marc hou die bestuurskomitee op die Potchefstroomkampus ook reeds papierlose vergaderings en het verskeie fakulteite op dié kampus ook al in dié rigting beweeg. As bydrae tot die strewe na papierlose omgewings gee die Vaaldriehoekkampus hul studentekoerant, Student 24/7 net in elektroniese formaat uit.

In nog 'n stap na 'n papierlose omgewing het die Potchefstroomkampus reeds in 2011 begin om studiegids vir eerstejaars van die Fakulteit



afdeling in 'n entrepreneurskompetisie op die kampus gewen het met sy idee oor herwinning.

Teologie net elektronies beskikbaar te stel. Dit is deel van 'n projek waar eerstejaars skootrekenaars moet koop waarop die studiegids reeds gelaai is. In hierdie stadium is die teologiestudente reeds tot op derdejaarsvlak by die projek betrokke. Hoewel die studiegids vir die res van die NWU se 15 fakulteite nog gedruk word, is almal wel ook elektronies op eFundi beskikbaar.

Met al hierdie kreatiewe idees vir 'n groener NWU in omloop, lyk dit asof 'n ingesteldheid van omgee vir die planeet en sy toekoms inderdaad besig is om pos te vat.

Vaal is eintlik groen

lets wat die Vaaldriehoekkampus van die ander kampusse onderskei, is dat dit op die oewer van die Vaalrivier in 'n verklaarde natuurreservaat geleë is.

As 'n mens die wandelpaadjies op die 3 km-oewerfront volg, kry jy 'n verskeidenheid wildspesies te sien, onder meer ape, swartwildebeeste en springbokke. Daar is ook verskeie damme met ganse op die kampus en dié platpotiges het selfs hul eie voetgangers.

Prof Johann Tempelhoff sê die Groenkomitee onderneem verskeie projekte en werk nou saam met me Bibi Bouwman, die direkteur van Gemeenskapsbetrokkenheid by die Institusionele

Kantoor. "Bibi help ons sodat ons ons kampusbehoeftes kan aanspreek en konstruktief bydra tot die landswye 'Green Campus Initiative'."

Dié landswye inisiatief is in 2012 geloods toe studenteilers van universiteite en kolleges 'n onderneming oor klimaatsverandering onderteken het.

Prof Johann sê daar is ook van die personeel op die Vaaldriehoekkampus wat geïnteresseerd is in die groenwees van die kampus. "Me Irene Muller van ons Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe is byvoorbeeld tans besig met 'n meestersgraad in Omgewingsstudies en sy fokus spesifiek op ons kampus," sê hy.

Boonop spog die Vaaldriehoekkampus se Facebook-bladsy met 'n skakel na die bladsy "Vaal go green" waarop inligting en foto's van groen projekte beskikbaar is. Ook op die Potchefstroomkampus se webblad en sosiaalnetwerkbladsye is daar inligting oor hul groen projekte.

Die Vaaldriehoekkampus se Groenkomitee het ook verlede jaar 'n IT-volhoubaarheidskompetisie geloods. Studente moes voorstelle maak oor hoe om tegnologiegebruik meer volhoubaar te maak. Een van die wenvoorstelle was om die gradering van EPEAT, 'n organisasie wat wêreldwyd aandui watter elektroniese produkte omgewingsvriendelik is, te gebruik wanneer jy elektroniese toerusting aankoop. Van die ander voorstelle was: hergebruik dele van ou rekenaars, skakel rekenaars en skerms af wanneer hulle nie gebruik word nie, en gebruik sonpanele om verkoelingstelsels in rekenaarlaboratoriums aan te dryf.

'n Hart vir mense en 'n kop vir syfers lei haar

In ons reeks oor NWU-dekane kom prof Susan Visser, wat sedert 1 Desember 2012 dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroom-kampus is, in hierdie uitgawe aan die beurt.

Sy het al vier nasionale toekennings ontvang – onder meer as een van die invloedrykste vroue in Suid-Afrika – maar te midde van die hoë aansien wat sy geniet, het prof Susan Visser 'n méns mens gebly.

Vir dié dekaan is die akademiese en navorsingstatus van haar fakulteit net so belangrik soos die menseverhoudinge in die fakulteit.

Dit blyk duidelik uit haar antwoord op die vraag wat sy as die fakulteit se beste bate beskou. "Dis ongetwyfeld ons toegewyde personeel – ek kan sien dat hulle regtig omgee vir hul studente," sê sy.

Ook haar drome vir die fakulteit getuig van balans tussen werk en mens.

"My ideaal is dat my kollegas 'n vervullende werksomgewing moet hê, dat ons hoëvlak-onderdig en -navorsing sal lewer en internasionalisering en kommersialisering verder sal uitbou. Ek sal ook wil sien dat ons meer betrokke sal wees by gemeenskappe en dat ons droom van afstandsonderdig waar sal word."

WYE NAVORSINGSVELD

Prof Susan se belangstelling in verskeie

navorsingsonderwerpe blyk duidelik uit die tientalle konferensievoordragte, boekhoofstukke en navorsingsartikels wat sy op haar kerfstok het.

Een van die onderwerpe wat sy baie interessant gevind het, is Rekeningkunde-opleiding en die leerstyle van studente en onderrigstyle van dosente.

In 'n vergelykende studie oor die opleiding van rekenmeesters in Suid-Afrika en in Skotland het sy gevind dat beide lande se rekenmeesters dieselfde leerstyle het, "maar dit is vir seker so dat die Suid-Afrikaanse rekenmeesters tegniese baie beter opgelei word as dié oorsee, terwyl die buiteland se opleiding baie meer navorsingsgedrewe is."

Om hierdie 'tekort' in die opleiding van Suid-Afrikaanse rekenmeesters te ondervang, gaan die honneursjaar in die toekoms ook 'n navorsingskomponent insluit. "Hierdeur voldoen ons ook aan die vereiste wat die Hoëronderwys-kwaliteitsraamwerk stel," sê prof Susan.

VINNIGE VUURWAENS

Die ontwikkelings in Bestuursrekeningkunde en die toepassing daarvan op ondernemings soos die motorvervaardigingsbedryf in

Suid-Afrika is nog 'n onderwerp wat sy fassinerend vind. Ook geen wonder nie: een van die dinge wat min mense van haar weet, is dat prof Susan 'n voorliefde vir vinnige motors het.


"Ek sal graag 'n Maserati wil hê, maar ek vermoed dit sal my in die moeilikheid laat kom," sê sy skertsend. Terme soos brandstofverbruik en rewolusies en kilowatts rol gemaklik oor haar tong – sy lees immers graag artikels oor motors.

Nie dat sy baie tyd kry vir lees nie – daarvoor hou haar werk haar nog altyd te besig.

Haar werksywer het byvoorbeeld daartoe gelei dat die universiteit die eerste – en tot vandag toe nog die enigste – instelling geword het om Forensiese Rekeningkunde voor- en nagraads aan te bied.

'N HELPENDE HAND

Gedurende die ses jaar wat sy direkteur van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe was, was sy ook nou betrokke by die opleiding van dosente. "Ek is steeds as dekaan bereid om een dosent – waarskynlik 'n nuweling – in elke skool te mentor. Soos toe ek direkteur was, sal ek hulle klasse besoek en aanbevelings maak en



hulle ook help as hulle byvoorbeeld vir die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid wil inskryf.”

Prof Susan spog self met nie minder nie as sewe van hierdie toekennings wat voorheen as Verka-toekennings bekend gestaan het.

Haar uitnemende onderrigvaardighede – tesame met haar goeie menseverhoudinge – het tot gevolg dat sy vandag nog noue bande met talle van haar oudstudente het. “Dié wat intussen oorsee gaan werk het, probeer ek altyd aanmoedig om terug te kom Suid-Afrika toe,” sê sy.

’N REUSETEKORT

Volgens haar is daar ’n tekort van ongeveer 22 000 rekenmeesters in die land en is dit een van haar prioriteite om meer rekenmeesters aan die bedryf te lewer.

Onder haar leiding het die skool reeds in 2007 begin om jaarlikse loopbaandae aan te bied. “Tot 44 firmas besoek ons tydens hierdie geleenthede om rekenmeesters te werf.” Sy sê veral swart rekenmeesters is baie gesog.

Die profiel van rekenmeesterstudente het darem die afgelope tyd verander. “Ons het heelwat Indiër-, bruin en swart studente, maar nog glad nie genoeg nie. Die verhouding tussen mans en dames is deesdae so vyftig-vyftig.”

’N IMPULSIEWE KEUSE

Of sy nog altyd ’n loopbaan in Rekeningkunde beplan het? Beslis nie, antwoord sy. Sy wou

eintlik ’n mediese dokter word – sy was versot op Wiskunde, met Rekeningkunde wat ’n kortkop daarna gevolg het.

“Volgens my pa was die mediese wêreld te ongereg vir sy jongste dogter, daarom het ons na die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gekom om my vir Farmasie in te skryf.”

Dié planne het op die ingewing van die oomblik verander en op die ou end het prof Susan toe as BCom-student ingeskryf – iets waarvoor sy nog nooit spyt was nie.

VEELS GELUK

Amper vier dekades nadat sy as groentjie op die kampus aangekom het, kan sy terugkyk op baie prestasies – onder meer vier nasionale toekennings.

Die eerste was ’n toekenning van Deloitte en die Suider-Afrikaanse Rekeningkundige Vereniging as “Outstanding Accounting Educator” in 2004. Daarna het ’n toekenning deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Vrouegraduandi gevolg en die KPMG-toekenning vir haar bydrae tot navorsing in Rekeningkunde wat die Suider-Afrikaanse Rekeningkundige Vereniging in 2008 aan haar gemaak het.

Die toekenning wat vir haar die grootste verrassing was, is in 2011 gemaak toe die tydskrif CEO haar as een van die land se invloedrykste vroue in die kategorie opleiding en onderwys aangewys het. “Dié toekenning is vir my spesiaal omdat nie een van die

beoordelaars kenners op my vakgebied was nie. Hulle het my dus nie vooraf geken of gesien optree as spreker nie – dalk tot my voordeel? Boonop was die beoordelaars mense van hoë aansien – onder meer regter William Heath,” sê prof Susan.

REISGOGGA BYT

Tydens haar loopbaan het prof Susan se werk haar na baie lande gelei. Dit het meegebring dat sy as ’n avontuurlustige toeris ontpop het – sy het onder meer olifant gery in Thailand en kameel in Egipte. “Ek wil ook nog Oos-Europa, Ysland en Groenland besoek,” sê sy.

Wanneer sy nie werk of reis nie, onthaal sy graag. As sy die 15 NWU-dekane in die winter vir ete sou nooi, sou sy vir hulle as voorgereg groentesop voorsit, gevolg deur drie vleisdisse: blatjanghoender (halaal), lamsboud en bobotie.

Vir die groenteliefhebbers en vegetariërs sal daar ’n kleurvolle groenteskottel met kaas-sous, gebakte aartappels, ’n patatrol, warm sampioenslaai en ’n uitpakslaai met vars groente en vrugte wees. Om die ete af te sluit sal sy ’n gebakte vrugtepoeding saam met roomys en vla bedien.

Om die artikel af te sluit, kan ’n mens vir prof Susan – gegewe haar belangstellings en ondervinding – verskeie goeie wense toewens. Jy kan byvoorbeeld veels geluk sê vir die pryswenner-akademikus, bravo vir die avonturier of smaaklike ete vir die kok. Of dalk net ‘doen so voort’ vir die méns mens – dié een wat weet hoe om mens en werk te balanseer in haar strewende na uitnemendheid.

Ander interessantheide:

My gunstelingdis: Beesstert as ek self kook, en tongvis as ek uiteet.

My gunstelingdier: Die kameelperd, omdat hy so stadig beweeg.

Dit maak my gelukkig: As ek my studente en kollegas sien presteer en ek weet ek het daartoe bygedra.

Dit laat my lag: Skerp, slim humor.

Dit maak my bang: Alle reptiele en soortgelyke ongediertes.

Met hierdie beroemde persoon sal ek wil gesels: Ek sal vir oudpresident Mandela wil vra of die huidige Suid-Afrika aan sy verwagtinge van destyds voldoen. Ek sal ook met dr Anton Rupert wil praat oor sy besigheidsin.

My lekkerste vakansie ooit: ’n Bootreis in Alaska.

Dit wil ek nog eendag doen: Rekspronge (bungee jumping) en sendingwerk in Oos-Europa.

Prag en praal: Prof Susan besoek St Catherine's Palace in St Petersburg tydens ’n vakansie in Rusland in 2012.



Fokus op Beleide

Alle komplekse instellings soos die NWU het beleide, prosedures en reëls nodig om sake vlot te laat verloop. In hierdie uitgawe gesels Eish! met me Amanda van der Merwe, die bestuurder van Rekordbestuur en Administrasie oor onder meer die oorsprong en nut van beleide en waar NWU-personeel dit kan kry.

V: *Wat is die verskil tussen beleide, reëls, prosedures en riglyne?*

A: Beleide is hoëvlakdokumente wat besluitneming by die universiteit rig en wat ná deeglike konsultasie en oorweging deur die NWU-raad goedgekeur moet word. Beleide geld ook vir die hele NWU.

Reëls, wat ook deur die Raad goedgekeur moet word, skryf gewoonlik voor hoe komitees of ander liggame wat deur die NWU-statuut daar gestel is, moet funksioneer.

Prosedures is stap-vir-stap voorskrifte oor hoe om 'n taak uit te voer. Dit onderskryf en gee uitvoering aan die betrokke beleid en moet deel vorm van kwaliteithandleidings.

Riglyne is daar om take makliker te maak en vorm die raamwerk waarbinne personeel aan die vereistes van die betrokke beleid kan voldoen. Dit is dikwels meer tegniese van aard as beleide en word ook meer dikwels hersien om tred te hou met veranderende omstandighede.

Prosedures en riglyne hoef nie deur die Raad goedgekeur te word nie aangesien dit afhang van individuele omstandighede wat deur die werksomgewing en bestuur bepaal word.

V: *Waarom is dit belangrik dat ons oor beleide moet gesels?*

A: Ons sien dikwels tydens dissiplinêre verhore dat personeel die voorskrifte in beleide oortree het omdat hulle nie van die beleid geweet het nie. Die vakbonde en die Institusionele Onderhandelingsforum is bekommerd hieroor en daarom stel ons sekere maatreëls in werking om te verhoed dat dit gebeur.

V: *Kan jy ons meer vertel van hierdie maatreëls?*

A: Ons gaan binnekort vir bestuurders 'n vorm gee wat hulle eenmalig sal moet onderteken om te bevestig dat hulle hul personeel op hoogte sal hou van beleide. Verder word

beleide ook as besprekingspunt by die oriënteringsprogram van nuwe personeellede ingesluit.

V: *Hoe weet bestuurders wanneer daar 'n nuwe beleid goedgekeur is?*

A: Hulle moet die elektroniese kennisgewing, @NWU, dophou. Ná elke raadsvergadering rapporteer ons daarin watter beleide tydens die raadsvergadering voorgelê, terugverwys of goedgekeur is. (Die @NWU word elke Dinsdag en Donderdag na alle NWU-personeel se e-posbusse gestuur.)

Bestuurders moet egter seker maak dat werknemers wat nie toegang tot rekenaars het nie, die inligting in hardekopieformaat kry.

V: *Wat is die rol van die 'eienaars' van die beleide? Moet hulle dit nie ook aan die personeel bekendstel nie?*

A: Hulle is hoofsaaklik verantwoordelik vir die kwaliteit en beskikbaarheid van beleide in samewerking met Rekordbestuur en Administrasie. Wanneer 'n beleid groot groepe personeel raak, is hulle egter welkom om te help met die bekendstelling daarvan deur die amptelike kommunikasiekanale van die NWU te gebruik.

V: *Wat moet personeellede doen as hulle meen daar moet 'n beleid oor 'n bepaalde onderwerp geskryf word?*

A: Hulle moet die behoefte by Rekordbestuur en Administrasie aanmeld. Ek sal dan kyk of daar nie reeds so 'n beleid bestaan nie, en of die voorgestelde beleid by die Institusionele Plan aanklank vind.

V: *Hoe verloop die proses dan verder?*

A: Ek vra die rolspelers wat by die skryf van die beleid betrokke behoort te wees om met belanghebbers te konsulteer en dan die beleid te formuleer. Hulle dien dan die eerste konsep van die beleid by my in sodat ek kan besluit aan watter liggame dit voorgelê moet word. Meer inligting oor die skryf van beleide is beskikbaar

in die Beleid insake die generering en goedkeuring van beleide.

V: *Dit klink of die goedkeuringspad – en ook konsultasie met belanghebbers – baie belangrik is. Waarom is dit so?*

A: Wanneer die beleid aan die Raad voorgelê word, moet ons kan verduidelik watter pad gevolg is en in watter mate daar met belanghebbers gekonsulteer is. Indien die raadslede meen dat daar nie genoeg gekonsulteer is nie, kan hulle die beleid terugverwys vir verdere konsultasie.

V: *Party mense dink dat beleide hulle nie eintlik raak nie – is dit waar?*

A: Nee, beslis nie. Behalwe die beleide wat jou direk in die uitvoering van jou pligte raak, is daar talle wat in elk geval alle personeellede raak – onder meer die Mediabeleid, die Taalbeleid, die Kwaliteitsbeleid en dié wat oor mensekapitaalsake gaan.

Onthou, beleide is nie net iets wat nagekom moet word nie – baie van hulle lig jou ook in oor wat jou regte is. Maak dus seker dat jy op hoogte is van NWU-beleide en indien jy 'n bestuurder is, sorg dat die personeel wat aan jou rapporteer ook daarvan weet.

V: *Waar kan 'n mens die volledige lys goedgekeurde NWU-beleide kry?*

A: Dit is op die NWU-webblad beskikbaar. Gaan na Ons Storie op die landingsbladsy, klik op Beheer en Bestuur en daarna op Beleide en Reëls.





'n Ten volle toegeruste ambulans sal van nou af 24/7 beskikbaar wees op die Mafikengkampus. Hier, van links, is mnr Decker Coetzee van Vaal Emergency Care, me Thapelo Tlhabane, studentedekaan, me Myra Mothibi, hoof van die Gesondheidsentrum, en mnr Charles Mokoena, Vaal Emergency Care.

Ambulans nou 24/7 beskikbaar

Die kampus beskik nou oor die dienste van 'n 24-uur-kampusambulans ná die ondertekening van 'n ooreenkoms met Vaal Emergency Care.

Me Myra Mothibi, hoof van die Gesondheidsentrum, sê die dienste van die ten volle toegeruste ambulansfasiliteit sal alle studente tot voordeel strek, nie net die inwoners van die 10 kampuskoshuise nie.

“Dit was vir ons belangrik dat die gesondheidsdienste toeganklik moet wees vir die kampusgemeenskap in sy geheel,” sê Myra.

Die kampusklinikum het tans net een apteek vir noodhulp en medisyne. Aangesien die apteek nie fasiliteite het om studente op te neem vir behandeling nie, sal die ambulans in 'n aangewese parkeerplek gereed staan om pasiënte hospitaal toe te neem.

Kampus hou nagraadse studieskool

Die Departement Bedryfsielkunde het onlangs 'n nagraadse studieskool vir meesters- en doktorsgraadstudente aangebied – 'n eerste in sy soort vir die Mafikengkampus.

Die studieskool, onder leiding van prof Nicolene Barkhuizen, het op 7 en 8 Februarie 2013 plaasgevind en het 'n groot aantal studente en personeel gelok wat daarin belangstel om hul kwalifikasies en loopbane te bevorder. Vanjaar het die departement 17 nuwe meesters- en doktorsale inskrywings. Dit is 'n goeie aanduiding van die volgehoue belangstelling in en behoefte aan navorsing en praktyk in Bedryfsielkunde, Mensehulpbronbestuur en Arbeidsverhoudinge.

Prof Nicolene lei ook 'n gevestigde navorsingsprogram in talentbestuur, wat deel uitmaak van die Optentia-navorsingseenheid. Die meeste van die studente se navorsing sal gefokus wees op belangrike talentbestuursaangeleenthede in die werksplek.

Studente belooftoewyding aan verpleegkunde



Dié 24 verpleegkundestudente belooft om die Suid-Afrikaanse gemeenskap met waardigheid en respek te dien. Die Mafikengkampus hoop om teen die einde van die 2013-akademiese jaar 51 studente af te lewer wat in 2014 by die gesondheidsorgwerksmag kan aansluit as gemeenskapsgesondheidspraktisyne.

Verpleegkunde is 'n roeping om te dien, nie net 'n loopbaan nie. Teen die einde van 2012 het 24 vierdejaar-verpleegkundestudente ten aanskoue van die verpleeggemeenskap en die universiteitspersoneel 'n eed afgelê om die Suid-Afrikaanse gemeenskap met waardigheid en respek te dien.

Hierdie gebeurtenis vind elke jaar plaas voordat die studente vertrek om te begin met gemeenskapsdiens in verskillende hospitale en klinieke regoor die Noordwesprovinsie.

Die studente word tydelik in diens geneem deur Noordwes se Departement van Gesondheid, en dien die Noordwesprovinsie, veral in plattelandse gebiede, as gemeenskapsgesondheidspraktisyne vir 'n tydperk van 12 maande.

Ná voltooiing van hierdie verpligte oefening sal hulle dan permanent deur die Gesondheidsdepartement geabsorbeer word om die landswyse tekort aan verpleegsters te help hokslaan.

NWU betrokke by nuwe-generasie-lugvaartuie

Vier nagraadse ingenieurstudente is nou deel van 'n unieke navorsingspan wat 'n nuwegenerasie-helikopter en -vliegtuig in samewerking met Denel Aviation ontwikkel.

Die eerste projek behels dat 'n onbemande helikopter – die Prawler – ontwikkel en gebou moet word. "Die helikopter moet 'n spoed van sowat 250 km per uur kan handhaaf, 'n vrag van ongeveer 160 kg kan dra, en vir minstens ses ure in die lug kan wees tydens elke vlug. Volgens ons voorstel sal die Prawler die mees ekonomiese onbemande helikopter tot op hede wees," sê mnr Shalan Chetty, Hoof: Ingenieurswese en Kwaliteit by Denel Aviation.

Die vier nagraadse studente is by verskeie navorsingskomponente van die helikopter en vliegtuig

betrokke. Louw Hager is verantwoordelik vir die ontwikkeling van 'n neuralenwerk-beheerder vir 'n skaalhelikopter. Martin Terblanche is op sy beurt verantwoordelik vir die ontwikkeling van beheer-algoritmes vir 'n skaalhelikopter.

Gustav Otto ontwikkel 'n gevorderde taktiese leidingstelsel wat by veral onbemande vlugte gebruik kan word. Zurich Terblanche volg 'n rekenaarbepaling tot die vermyding van voorwerpe in die lug.

Wat die nuwegenerasie-vastevlerkvlugtuig betref, sê mnr Chetty dat hulle beplan om 'n tegnologie-gevorderde 19-sitplek turbo-aangedrewe skroef-vliegtuig te ontwikkel, wat 'n diens vanaf die publiek se voorstoep (bv. kleiner vliegvelde) kan lewer.

SA mis gulde geleentheid vir toerisme

Suid-Afrika se aanbieding van die 2013-Afrikasiesbeker (AFCON) kan nie as suksesvol beskou word nie.

Nie, as daar in ag geneem word dat die regering 'n gulde geleentheid verspeel het om dié land as 'n toerismebestemming in ontluikende Afrika-markte te bemark nie.

Volgens prof Melville Saayman, hoof van die navorsingsinstituut Tourism Research, Economics, Environs and Society (Trees), moet die regering aanspreeklikheid aanvaar vir 'n besluit wat die land oor die langtermyn etlike miljoene in potensiele inkomste kan kos.

"Daar is nooit met die toerismebedryf geskakel om vir die onderskeie lande se joernaliste wat Suid-Afrika besoek het om die geleentheid te dek, pakkette aan te bied nie. Hierdie joernaliste was nie die hele tyd besig nie en kon Suid-Afrika dus baie goed in hul lande bemark het," sê prof Melville.

"Die beeldmateriaal voor 'n wedstryd het ook nie genoeg van Suid-Afrika gewys nie en dit alles is 'n verspeelde geleentheid, want hierdie toernooi lok fenomenale kykersgetalle." Hy sê baie meer moes gedoen geword het om voornemende toeriste in ontluikende markte te bereik.

SJGD skenk R1,4 miljoen aan liefdadigheid

Die Studentejool-gemeenskapdiens (SJGD) het die jaar met hernude verbintenis tot sowat 92 projekte in die Potchefstroom-omgewing afgeskop. SJGD het boonop weer vanjaar sowat R1,4 miljoen wat tydens JOOL ingesamel is aan projekte en individue geskenk.

"Dit is wonderlik om so 'n bedrag aan die gemeenskap te kan uitbetaal.

"Deur die jaar word daar klein bedrae ingesamel en om dan die eindtotaal te sien is ongelooflik," sê Juaan Taute, Studenteraadslid: SJGD.



"Kinders het nêr liefde en aandag nodig. Sonder die res kan hulle baie goed klaarkom," sê mnr Jean-Marc Stidworthy van die Departement Bemarking en Kommunikasie. Hy het die SJGD-portefeulje beklee toe hy op die studenteraad in 2010 en 2011 gedien het en is sedertdien steeds van tyd tot tyd by die SJGD betrokke.

Hy sê volhoubaarheid, bewusmaking en bemagtiging is die drie grondbeginsels van SJGD. "Dit is een ding om 'n verskil te maak deur donasies, maar wat vir ons die belangrikste is, is volhoubaarheid. Ons probeer verseker dat ons projekte in die gemeenskap volhoubaar is, want hierdie projekte moet nog vir baie jare nadat ons die universiteit verlaat het, aangaan," voeg Juaan by.

SJGD is sedert 2006 die grootste geregistreerde studente-welsynsorganisasie ter wêreld en het ook die 2012-MacJannet-prys van die Talloires Network – 'n internasionale universiteitsvereniging – ontvang vir hul goeie werk en wêreldburgerskap. Geen ander universiteit in Suid-Afrika het gedurende die 2012-kompetisie 'n toekenning of eervolle vermelding ontvang nie.



Teenwoordig by die sertifikaatplegtigheid is, van links, me Manuela Fernandes Martins, AOO se onderrig-leer-adviseur en IKND-Fase 2-koördineerder, dr Esté Hefer van die Skool vir Tale, dr Esmarie Strydom, direkteur van AOO, en mnr Romeo Botes van die Skool vir Inligtingstegnologie.

Nuwe dosente ontvang sertifikate

Die Eenheid vir Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning (AOO) het nog 'n suksesvolle sertifikaatplegtigheid vir die Kursus vir Nuwe Dosente (IKND) aangebied.

By dié geleentheid het prof Heleen Janse van Vuuren, direkteur van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe, IKND-Fase 1-, Fase 2-, en Fase 3-sertifikate aan deelnemende dosente oorhandig.

Prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning, was die gasspreker.

Die hoogtepunt van die aand was die aankondiging van die AOO/IKND-toekenning vir uitstaande deelname. Dr Esmarie Strydom, Direkteur: AOO, het dr Esté Hefer van die Skool vir Tale en mnr Romeo Botes van die Skool vir Inligtingstegnologie se sertifikate aan hulle oorhandig.

Meestersgraad in Positiewe Sielkunde nóg 'n eerste

Die baie bekende sielkundige, dr James Pawelski het onlangs die openingslesing vir die nuwe meestersgraadprogram in Toegepaste Positiewe Sielkunde (MTPS) aangebied.



Hierdie lesing verteenwoordig die verwesenliking van 'n lank gekoesterde ideaal van die totstandbrenging van Positiewe Sielkunde in Suid-Afrika en Afrika. Die Vaaldriehoekskampus is die eerste in die land om 'n MTPS-program bekend te stel.

Van vanjaar af sal 14 MTPS-studente vyf weke van klas in die program bywoon. Die MTPS-klas van 2013 bestaan uit professionele persone uit die dissiplines van Sielkunde, Sosiologie, Maatskaplike Werk, Teologie, Bedryfsielkunde, Ekonomie en Arbeid. Die deelnemers het gesamentlik meer as 200 jaar se ervaring.

Prof Marie Wissing van die Potchefstroomkampus het MTPS gekonseptualiseer, terwyl prof Chrizanne van Eeden een van die koördineerders van die nuwe program is.

Dr Elrie lei nou Skool vir Gedragswetenskappe

Die Skool vir Gedragswetenskappe het onlangs 'n nuwe direkteur, dr Elrie Botha, verwelkom.

Maar dr Elrie is geen vreemdeling by die NWU of die Vaaldriehoekskampus nie. Sy het haar loopbaan afgeskop as 'n administratiewe assistent by die destydse Departement Bedryfsielkunde en ná verwerping van haar meesters- en doktorsgraad vinnig begin opgang maak.

Sy skryf haar belangstelling in menslike ontwikkeling en bewustheid toe aan die "kultuur van leer" wat van kindsbeen af deur haar ouers by haar ingeskerp is.

Volgens dr Elrie, wat op 1 Januarie 2013 oorgeneem het as skooldirekteur, sal sy haar aandag op drie bepaalde areas fokus. Die eerste is om die skool te posisioneer as 'n aktiewe bydraer tot die sukses van sowel onderrig-leer as navorsing aan die universiteit.

Die tweede is om elke lid van haar span aan te moedig en te begelei om hul volle potensiaal te bereik. Derdens wil dr Elrie hê dat die skool 'n positiewe en blywende impak op sy studente moet hê.

"Ek wil hê studente moet kan terugkyk op hulle tydjie saam met ons en trots wees op die bevoegdhede wat hulle hier aangeleer het," sê sy.

Dr Elrie Botha, nuwe direkteur van die Skool vir Gedragswetenskappe.



NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoen – tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.



"Die enkele grootste lugbesoedelingsuitdaging in Suid-Afrika is die emissie van partikelstof weens die verbranding van steenkool en hout vir huishoudelike doeleindes. Arm Suid-Afrikaners verbrand elke dag steenkool en hout vir kosmaak- en verhittingsdoeleindes. Hulle direkte blootstelling aan die emissies maak dit 'n groot gesondheidsgevaar. Ons moet alternatiewe skoon brandstowwe en/of stowe vind of huishoudings elektrifiseer wat nog afhanklik is van bio- en fossielbrandstowwe."

Prof Stuart Piketh, Skool vir Geo- en Ruimtelike Wetenskappe, Potchefstroomkampus. Yahoo South Africa News, 6 Februarie 2013

“ Die rede waarom eerstejaars nie goedgekeur is vir toekennings deur die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Stude-
nte (NSFAS) nie, is weens beperkte befondsing. Die meeste terugkerende studente wat nie die paal gehaal het nie, het nie aan die NSFAS se akademiese vereistes voldoen nie. Die bestuur van die Mafikengkampus is daartoe verbind om akademies verdienstelike studente met finansiële probleme sover moontlik, binne die beperkinge van befondsingsgeleentheid, te help om hul studies te voltooi. ”



Prof Dan Kgwadi, rektor, Mafikengkampus. Bush Radio 89.5, 6 Februarie 2013

“ Daar word van almal in die universiteits-gemeenskap verwag om fundamentele regte en waardes soos in die Grondwet vervat, te respekteer. Die NWU se menseregtekomitee funksioneer onder die voorsitterskap van 'n onafhanklike regskenner en bestaan uit 12 lede wat die universiteitsgemeenskap verteenwoordig.” (Na aanleiding van AfriForum Jeug wat 'n haatspraak-klag teen 'n student by die NWU se Menseregtekomitee aanhangig gemaak het.) ”



Prof Herman van Schalkwyk, rektor, Potchefstroomkampus Beeld. 6 Februarie 2013

“In 'n sportmal wêreld is sporthelde hedendaagse 'ikone' wat amper aanbid word. 'n Blou Bul-, Joost- of Hansie-aanhanger sal dus nie somer van sy held afsien nie. Daar vind 'n 'skeiding' tussen die sport en die morele en etiese plaas... In 'n wêreld waar korrupsie en ander wandade soos moord en verkragting hoogty vier, is sport-oortredings nie iets om oor 'opgewerk' te raak nie, is mense se opinie dikwels.”

Prof Freek Cronjé, Skool vir Sosiale en Owerheidstudies, Potchestroomkampus. Die Burger, 31 Januarie 2013



"Die regering en minister Angie Motshekga se plan om onderwys tot noodsaaklike diens te verklaar, moet verwelkom word. Dit is een van die beste maatreëls wat getref kan word om die wanfunksionaliteit in skole te pak, aangesien onderwysers dan nie in werkure mag staak nie. Die uiters nadelige uitwerking, soos die ontwrigting van onderrig, intimidasie, geweld, saakbeskadiging en verlies aan inkomste wat stakings deur onderwysers in die verlede gehad het, is belangrike redes wat so 'n stap regverdig."

Prof Marius Smit, Skool vir Opvoedkunde, Potchefstroomkampus. Beeld, 7 Februarie 2013

En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



Institusionele Kantoor:

Me Marinda Riekert,
stelseladministrateur,
Mensekapitaal



Mafikengkampus:

Me Neliswa Madakana,
bibliotekaresse,
kampusbiblioteek



Potchefstroomkampus:

Me Melleney Campbell-Jacobs,
administratiewe assistent,
Toelatingskantoor: Akademiese
Administrasie



Vaaldriehoekkampus:

Dr Stef Esterhuizen,
lektor: Grondslagfase,
Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het! As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem:

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!



1.

Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

2.

3.

4.

5.

6. Noem een van die nege regte wat verbruikers kragtens die Wet op Verbruikersbeskerming het.
7. Wie is die nuwe voorsitter van die NWU se Menseregtekomitee?
8. Van wanneer af is prof Susan Visser dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus?
9. Waar kan 'n mens die volledige lys goedgekeurde NWU-beleide kry?
10. Watter graad (eerste in die land) word nou deur die Vaaldriehoekkampus aangebied?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260.

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys loslaan!



ERIKA DE VRIES

Mense wat myle stap

Soos altyd is daar steeds van ons NWU-personeel wat meer gee en doen as wat van hulle verwag word én diegene wat dit raaksien en waardeer.



AILEEN JOUBERT

Ons gee graag weer erkenning aan al die NWU-kollegas wat die tweede myl stap.

Me Yolande Bechaz, senior administratiewe beampte in die kantoor van die Hoofdirekteur: Instusionele Finansies, sonder graag vir **me Erika de Vries** en **me Aileen Joubert** uit vir die uitstekende werk wat hulle doen.

Me Sonia Turkstra en **me Vera Kriel** van die kantoor vir Werksgeïntegreerde Leer in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus is nog twee kollegas wat meer gee en doen as wat van hulle verwag word.



VINCENT EASTES

Albei kollegas is assistentbestuurders by Inwoning en Voedseldienste op die Potchefstroomkampus – Erika is betrokke by Sporthuise en Gasteverblyf en Aileen by die Astrovilla-gastehuis.

Me Sukie van Zyl, 'n junior lektor in die Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys sê hulle bly vriendelik, selfs al stroom studente heeldag in en al vra hulle dieselfde vrae oor en oor.

“Erika en Aileen sien rêrig om na hulle gaste. Die groot groep ouditeure gaan vanjaar weer by Astrovilla tuis en in dieselfde tyd is dit gradeplegtigheid en oefen buitelandse atlete hier.

“As studente se vorms nie reg ingevul is nie of as daar probleme met die skole is, gaan dié kollegas regtig uit hulle pad om die nodige inligting te kry.”

“Die twee dames probeer altyd hul bes om almal se spesiale behoeftes te akkommodeer,” sê sy.

Die Instusionele Kantoor se hele salariskantoor nomineer vir **me Annatjie Erasmus** as iemand wat sommer die derde myl loop.



TSHIAMO MASALESA

Volgende aan die beurt is me Suzelle Buys, 'n administratiewe beampte van Gradeplegtighede by die Organisasie en Verspreidingsentrum op die Potchefstroomkampus. Sy stel **mnr Vincent Eastes**, bestuurder in die kantoor van die rektor van die Potchefstroomkampus, voor as 'n kollega wat 'n tweede myl vir mense loop.

Ná sy die pligte van 'n kollega wat bedank het, moes oorneem, werk sy lang ure oortyd om die nuwe werk te leer. Ten spyte van die groot druk, bly sy vriendelik en hulpvaardig.

“Vincent tree ten alle tye professioneel op en is 'n voorbeeld vir baie. Dit is voorwaar 'n voorreg en 'n eer om hom as kollega te hê.”

“Die werk wat sy moet doen is baie ingewikkeld, maar omdat sy mal is oor syfers, het sy haar eie manier gevind om dit so deeglik as moontlik te doen. Ons is almal baie trots op haar,” sê me Petro Wessels, Bestuurder: Salarisse.



SONIA TURKSTRA

Me Kgomotso Direko, 'n dosent in die departement Verpleegkunde op die Mafikengkampus, het groot waardering vir die betroubaarheid van **mnr Tshiamo Masalesa**, 'n administratiewe beampte in dieselfde departement. “Hy neem ook altyd die inisiatief met administratiewe sake, veral wat studente betref,” sê sy.

Me Alta Enslin, 'n programmeerder van Inligtingstegnologie Sentraal (ITC) se Kualiprojek, sê om 'n oorsese reis aan te pak met **me Yvette Labuschagne**, bestuurder van ITC se projekkantoor aan die stuur van sake, is 'n absolute stresvrye ervaring.



VERA KRIEL



ANNATJIE ERASMUS



YVETTE LABUSCHAGNE

“Met haar deeglike beplanning en uiteensetting kan jy ontspan en net op die doelwit van jou reis konsentreer.”

Stuur 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za as jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer. Onthou om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en departement of skool ook in die e-pos aan te dui.

Knip langdradigheid kort **en WEN R5 000**

Jou voorstelle oor hoe om burokrasie by die NWU 'n nekslag toe te dien deur prosesse en prosedures meer vaartbelyn te maak, kan vir jou 'n geldprys van R5 000 in die sak bring.

"Ons anti-burokrasieprojek is steeds aan die gang en ons wil graag hê studente en personeel moet voorstelle indien en op dié manier deel wees van die projek," sê prof Marlene Verhoef, Bestuursadviseur: Strategie en Projekte in die kantoor van die visekanselier.

"Om die voorkoms van onnodige burokrasie te verminder is immers ons almal se verantwoordelikheid," sê sy.

Die Institusionele Bestuur het vir 2013 sewe projekte goedgekeur om personeel meer bewus te maak van burokrasie by die universiteit,

asook die aksiestappe om dit teen te werk. Een hiervan is om effektiewe, vaartbelynde besigheidsprosesse dwarsoor die NWU daar te stel en te dokumenteer.

"'n Ander manier om onnodige burokrasie te verminder, is om proseduredokumente saam met beleide op te stel en as aanhangsels by die beleide beskikbaar te maak," sê prof Marlene.

Die Taalbeleid het byvoorbeeld so 'n proseduredokument as aanhangsel. Van die prosedures wat hier uiteengesit word, sluit byvoorbeeld in hoe om 'n klag by die taalombudsman te lê, en bevat ook Setswana, Engelse en Afrikaanse frases vir gebruik by gradeplegtighede.

"Met sulke inligting byderhand, weet mense wat om te doen en hoe om dit te doen en op


dié manier spaar dit tyd en energie," sê prof Marlene.

As jy 'n goeie idee het om besigheidsprosesse by die NWU meer vaartbelyn te maak en rompslomp se draad kort te knip, stuur jou voorstelle voor of teen die middel van September 2013 na nwuburoc@nwu.ac.za. Algemene opmerkings of vrae oor die anti-burokratiseringsprojek kan ook na hierdie adres gestuur word.

'n Komitee, saamgestel uit die geledere van die Institusionele Bestuur, sal in die middel van Oktober al die ingediende voorstelle oorweeg en die beste een kies. Die komitee sal ook toesien dat die beste voorstelle geïmplementeer word. Skakel gerus met prof Marlene as jy enige verdere vrae het.



Groen het wêreldwyd 'n leefwyse geword. In pas met dié tendens loods die NWU verskeie inisiatiewe om sy kampusse en die Institusionele Kantoor meer omgewingsvriendelik te maak. Lees meer hieroor op p 8 en 9.



Mnr John Oompie, assistent-skofbestuurder by die Sports Village op die Potchefstroomkampus, deel graag die volgende gesegde van Ronald Reagan (40e president van die Verenigde State van Amerika), met ons:

'ONS IS NIE IN STAAT OM ALMAL TE HELP NIE, MAAR ALMAL IS IN STAAT OM IEMAND TE KAN HELP.'

"Hierdie gesegde het werklik 'n groot impak op my gemaak. As dit nie was vir hulp van my tante nie, sou ek nooit die geleentheid en toegang gehad het tot tersiêre onderrig nie. As ons almal die bietjies hulp wat ons bied, bymekaarsit, maak dit 'n groot verskil in die wêreld rondom ons – iets wat ons nie altyd besef nie."

Het jy 'n gunstelinggesegde of -aanhaling wat jou deur jou lewensreis bybly en wat vir jou spesiaal is of baie beteken? Deel dit asseblief met ons – ons gebruik dit graag in die volgende uitgawe van Eish!. Stuur asseblief die gesegde/ aanhaling en oorsprong/outeur daarvan, jou kort motivering hoekom dit 'n impak op jou maak, asook jou naam, van, postitel en departement/skool aan marelize.santana@nwu.ac.za.



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT